God smag na ‘n liefdesverhouding met elkeen van ons. Hy aanvaar ons net soos ons is. Hy verwag nie van ons om iets spesiaals te doen of te sê nie. Al wat Hy wil hê, is dat ons Hom met ons hele hart sal liefhê. Lof en aanbidding vloei uit harte wat na God gedraai is. Dan is dit vir ons moontlik om God in alle omstandighede te loof en aanbid – dit maak nie saak hoe moeilik dit gaan nie.

Lofprysing dwing nie God se teenwoordigheid af nie, maar erken dit. Lofprysing bring God nie in ons teenwoordigheid nie, maar berei ons voor om sy teenwoordigheid te betree. Wanneer ons Hom met dankbare harte loof, groei ons verhouding met Hom en besef ons dat alles wat ons het, suiwer genade is. Dan kan on op ons aangesig neerval en God voor Sy troon aanbid.

God het ons geskep om Hom te aanbid. Hy het ons vir sy plesier geskep en daarom moet ons Hom aanbid. Ons het God lief, omdat Hy ons eerste lief gehad het. Hy begeer dat ons sy hart sal bedien – nie dat ons heeltyd eise stel en dinge vra nie. God vra dat daar ‘n tyd aanbreek, wanneer Hy alleen op ons agenda is.

Ek het ‘n storie van president Lincoln en ‘n ouerige dame wat ‘n afspraak met hom gemaak het, gehoor. Toe die vroutjie die president se kantoor binnekom, het hy opgestaan, haar ‘n stoel aangebied en gevra hoe hy haar tot diens kon wees. Die vroutjie het geantwoord: “Meneer die President, ek weet dat u ‘n baie besige man is. Ek is nie vandag hier om enig iets van u te vra nie. Ek het maar net gekom om vir u ‘n blik koekies te bring, want ek het gehoor dat u so baie van hierdie koekies hou.” ‘n Stilte het gevolg, met trane wat oor die president se wange gestroom het. Na ‘n ruk het hy sy kop opgelig en gepraat. “Dame, baie dankie vir jou betekenisvolle geskenk. Ek is diep hierdeur aangeraak. Vandat ek president geword het, het daar duisende mense deur my deur gekom met eise en versoeke. U is die eerste persoon wat ooit hierdie perseel betree het sonder om iets van my te eis. Inteendeel, u het vir my ‘n geskenk gebring. Uit die diepte van my hart bedank ek u.”

Hierdie is die tipe aanbidding wat God begeer. Dat ons geen behoefte het om meer te vra of vir antwoorde te pleit nie. Maar om God te eer en te dank vir wie Hy is.

Ons bedien ‘n gehoor van Een. Ons moet ‘n diepe begeerte na Hom hê, sodat Hy ons in sy liefdevolle arms kan optel en onder sy vlerk kan wegsteek. Sodat ons Sy hartklop kan hoor, Sy geur kan inasem en sodat Hy ons kan vorm en suiwer om te word wie Hy ons beplan het om te wees.

Adri Vermeulen
November 2006

Bron: Pres Lincoln se storie – “Ministering to the Lord” deur Roxanne Brant.